



GMN203/26-27 - INFORMATION STATEMENT REGARDING THE RAISING OF EXTERNAL FINANCING OF R 489 353 378 FOR THE 2026/2027 CAPITAL PROGRAM

PURPOSE:

The purpose of this information statement is to obtain comments from the public, National Treasury and Provincial Treasury, regarding the anticipated raising of external loans of R489 353 378 for the financing of a portion of George Municipality's 2026/2027 capital program.

BACKGROUND:

George Municipality intends to enter into a borrowing agreement to finance the purchase of several vehicles, plant and infrastructure in the capital program for the 2026/2027 financial year. George Municipality has already approved the 2026/2027 capital program for the financial year during the approval of the budget on 28 May 2026.

The Municipal Finance Management Act lists the requirements for taking up external loans. Particularly, section 46 reads as follows:

- "46. (1) A municipality may incur long-term debt only in accordance with and subject to any applicable provisions of this Act, including section 19, and only for the purpose of:*
- (a) capital expenditure on property, plant, or equipment to be used for the purpose of achieving the objects of local government as set out in section 152 of the Constitution, including costs referred to in subsection (4); or*
 - (b) re-financing existing long-term debt subject to subsection (5).*
- (2) A municipality may incur long-term debt only if-*
- (a) a resolution of the municipal council, signed by the mayor, has approved the debt agreement; and*
 - (b) the accounting officer has signed the agreement or other document which creates or acknowledges the debt."*

In terms of Section 46(3) of the Municipal Finance Management Act, 2003 (No 56 of 2003):

"A municipality may incur long-term debt only if the accounting officer of the municipality-

- (a) has, in accordance with section 21A of the Municipal Systems Act-
 - (i) at least 21 days prior to the meeting of the *council* at which approval for the debt is to be considered, made public an information statement setting out particulars of the proposed debt, including the amount of the proposed debt, the purposes for which the debt is to be incurred and particulars of any security to be provided; and

- (ii) invited the public, the national treasury, and the relevant provincial treasury to submit written comments or representations to the *council* in respect of the proposed debt; and
- (b) has submitted a copy of the information statement to the municipal *council* at least 21 days prior to the meeting of the *council*, together with particulars of-
 - (i) the essential repayment terms, including the anticipated debt repayment schedule; and
 - (ii) the anticipated total cost with such debt over the repayment period”

PROPOSED DEBT:

The George Municipality intends to enter into a borrowing agreement to finance the purchase of vehicles, plant and infrastructure as contained in the municipality’s capital program for the 2026/2027 financial year. The tables below reflects the borrowing period, amount, indicative fixed interest rate.

TYPE	DEBT AMOUNT
Infrastructure Assets	458 853 378
Transport Assets	31 100 000
TOTAL	R 489 353 378

2026/27 Loans / Financing:

PERIOD	DEBT AMOUNT	INDICATIVE INTEREST RATE (FIXED)
5-20	R 489 353 378	7 - 12%

PURPOSE OF CAPITAL EXPENDITURE:

The purpose of this expenditure is to enable George Municipality to provide the necessary infrastructure to enhance the urban living conditions in the area and to provide the necessary vehicles and plant to improve George Municipality’s service delivery to the community.

STARTING DATE:

The George Municipality plans to complete the borrowing for 2026/2027 by the end of June 2027.

SECURITY:

The George Municipality does not intend to provide any security for the proposed debt.

LEGISLATIVE REQUIREMENTS:

The municipality adheres to the terms of the Municipal Finance Management Act, No.56 of 2003 & the Municipal Systems Act, No. 32 of 2000 regarding the prescribed procedures and processes in conjunction with the requirements as

outlined in Circular 26 issued by the National Treasury.

REPAYMENT:

Repayment of the borrowing will be funded from the existing income stream derived from rates and service charges.

Indicative amortization schedules, detailing all principal and interest payments with corresponding dates, will be prepared and included in the official loan documentation.

The loan will be repaid in equal semi- annual installments for the duration of the loan term.

INSTRUMENT TYPE:

The type of loan will be a long-term loan agreement over a five-to twenty-year period, with an indicative fixed interest rate varying between 7 -12%. The final rate will be fixed once the terms and conditions have been approved by George Municipality.

FOR ANY FURTHER INFORMATION CONTACT THE OFFICE AS INDICATED BELOW. WRITTEN COMMENTS TO BE ADDRESSED TO ANY OF THE FOLLOWING ADDRESSES BEFORE OR ON MONDAY, 31 AUGUST 2026:

Mrs Le-anne Maksella

Manager: Budget & Financial Management
GEORGE MUNICIPALITY
71 York Street
GEORGE
6530
Tel: 044 - 801 9122
e-mail: lmaksella@george.gov.za

Mr. LE WALLACE

Deputy Director: Financial Management
GEORGE MUNICIPALITY
71 York Street
GEORGE
6530
Tel: 044 - 801 9032
e-mail: lewallace@george.gov.za



GEORGE MUNISIPALITEIT

GMN203/26-27 - INLIGTINGSVERKLARING RAKENDE DIE VERKRYGING VAN EKSTERNE FINANSIERING VAN R 489 353 378 VIR DIE 2026/2027 KAPITAALPROGRAM

DOEL:

Die doel van hierdie inligtingsverklaring is om kommentaar van die publiek, die Nasionale Tesourie en die Provinsiale Tesourie te bekom rakende die verwagte opneem van eksterne lenings van R489 353 378 vir die finansiering van 'n gedeelte van George Munisipaliteit se 2026/2027 kapitaalprogram.

AGTERGROND:

George Munisipaliteit is van voorneme om 'n leningsooreenkoms aan te gaan om die aankoop van verskeie voertuie, aanlegte en infrastruktuur in die kapitaalprogram vir die 2026/2027 boekjaar te finansier. George Munisipaliteit het reeds die 2026/2027 kapitaalprogram vir die boekjaar goedgekeur tydens die goedkeuring van die begroting op 28 Mei 2026.

Die Munisipale Finansiële Bestuurswet lys die vereistes vir die aangaan van eksterne lenings. Artikel 46 lui spesifiek soos volg:

- “46. (1) *‘n Munisipaliteit kan langtermynskuld slegs ooreenkomstig en behoudens enige toepaslike bepalinge van hierdie Wet, met inbegrip van artikel 19, aangaan, en slegs vir :*
- (a) kapitaalbesteding op eiendom, aanleg of toerusting wat gebruik staan te word ten einde die oogmerke van plaaslike regerings soos in artikel 152 van die Grondwet vermeld, met inbegrip van kostes bedoel in subartikel (4), te bereik; of*
 - (b) die herfinansiering van bestaande, langtermynskuld, behoudens subartikel (5).*
- (2) *‘n Munisipaliteit kan langtermynskuld aangaan slegs indien -*
- (a) ‘n resolusie van die munisipale raad, onderteken deur die burgemeester, die skuldooreenkoms, goedgekeur het; en*
 - (b) die rekenpligtige beampte die ooreenkoms of ander dokument wat die skuld skep of erken, onderteken het.”*

Ingevolge Artikel 46(3) van die Wet op Munisipale Finansiële Bestuur, 2003 (Nr 56 of 2003):

“n Munisipaliteit kan langtermynskuld aangaan slegs indien die rekenpligtige beampte van die munisipaliteit-

- (a) ooreenkomstig artikel 21A van die Wet op Munisipale Stelsels-

- (i) ten minste 14 dae voor die vergadering van die raad waarop

goedkeuring vir die skuld oorweeg staan te word, 'n inligtingstaat openbaar gemaak het wat besonderhede van die voorgestelde skuld uiteensit, met inbegrip van die bedrag van die voorgestelde skuld, die doeleindes waarvoor die skuld aangegaan word en besonderhede van enige sekuriteit wat verskaf moet word; en

- (ii) die publiek, die Nasionale Tesourie en die betrokke provinsiale tesourie uitgenooi het om skriftelike kommentaar of verhoë met betrekking tot die voorgestelde skuld aan die raad voor te lê; en
- (b) ten minste 21 dae voor die vergadering van die raad 'n afskrif van die inligtingstaat van die munisipale raad voorgelê het, saam met besonderhede van –
- (i) die wesenlike terugbetalingsbepalings, met inbegrip van die verwagte skuldterugbetalingsrooster; en
 - (ii) die verwagte totale koste verbonde aan sodanige skuld oor die terugbetalingsperiode heen”

VOORGESTELDE SKULD:

Die George Munisipaliteit is van voorneme om 'n leningsooreenkoms aan te gaan om die aankoop van voertuie, aanlegte en infrastruktuur te finansier soos vervat in die munisipaliteit se kapitaalprogram vir die 2026/2027 finansiële jaar. Die tabelle hieronder weerspieël die leningstydperk, bedrag, aanduidende vaste rentekoers.

TIPE	SKULDBEDRAG
Infrastruktuurbates	458 853 378
Vervoerbates	31 100 000
TOTAAL	R 489 353 378

2026/27 Lenings / Finansiering:

TYDPERK	SKULDBEDRAG	AANDUIDENDE RENTEKOERS (VASTE)
5-20	R 489 353 378	7 - 12%

DOEL VAN KAPITAALBESTEDING:

Die doel van hierdie besteding is om George Munisipaliteit in staat te stel om die nodige infrastruktuur te verskaf om die stedelike lewensomstandighede in die gebied te verbeter en om die nodige voertuie en toerusting te verskaf om George Munisipaliteit se dienslewering aan die gemeenskap te verbeter.

AANVANGSDATUM:

The George Munisipaliteit beplan om die lening vir 2026/2027 teen die einde van Junie 2027 te voltooi.

SEKURITEIT:

Die George Munisipaliteit is nie van voorneme om enige sekuriteit vir die voorgestelde skuld te verskaf nie.

WETLIKE VEREISTES:

Die munisipaliteit voldoen aan die bepalings van die Wet op Munisipale Finansiële Bestuur, Nr.56 van 2003 en die Wet op Munisipale Stelsels, Nr. 32 van 2000, rakende die voorgeskrewe prosedures en prosesse in samehang met die vereistes soos uiteengesit in Omsendbrief 26 uitgereik deur die Nasionale Tesourie.

TERUGBETALING:

Terugbetaling van die lening sal befonds word uit die bestaande inkomstestroom wat uit belasting en dienstegelde verkry word.

Aanduidende amortisasiekedules, wat alle kapitaal- en rentebetalinge met ooreenstemmende datums uiteensit, sal voorberei en in die amptelike leningsdokumentasie ingesluit word.

Die lening sal in gelyke halfjaarlikse paaieimente vir die duur van die leningstermyn terugbetaal word.

TIPE INSTRUMENTE:

Die tipe lening sal 'n langtermynlening wees, 'n ooreenkoms oor 'n tydperk van vyf tot twintig jaar, met 'n aanduidende vaste rentekoers wat wissel tussen 7 - 12%. Die finale koers sal vasgestel word sodra die bepalings en voorwaardes deur George Munisipaliteit goedgekeur is.

VIR ENIGE VERDERE INLIGTING, KONTAK DIE KANTOOR SOOS HIERONDER AANGEDUI. GESKREWE KOMMENTAAR MOET AAN ENIGE VAN DIE VOLGENDE ADRESSE GERIG WORD VOOR OF OP MAANDAG, 31 AUGUSTUS 2026:

Me Le-Anne Maksella

Bestuurder : Begroting en Finansiële Bestuur
GEORGE MUNISIPALITEIT
Yorkstraat 71
GEORGE
6530
Tel: 044 - 801 9122
e-pos: lmaksella@george.gov.za

Mnr. LE Wallace

Adjunk Direkteur : Finansiële Bestuur
GEORGE MUNISIPALITEIT
Yorkstraat 71
GEORGE
6530
Tel: 044 - 801 9032
e- pos: lewallace@george.gov.za